# HOOFSTUK 1:

# INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOEL EN METODE VAN ONDERSOEK

## 1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Onderwys en opleiding, demokrasie, gelykheid en tegnologiese vooruitgang is temas van ons tyd, en daarmee saam kom die uitdaging om verskillende onderrigleerbenaderinge tot beskikking van die leerder te stel wat kan verseker dat alle individue gelyke geleenthede kry om hulleself verder te kwalifiseer en hulle vaardighede te verbeter. 'n Sogenaamde "oop" leersisteem is die ideale oplossing vir die voorsiening in die behoefte aan gelyke onderwys, aangesien, volgens Rowlands en Rowlands (1986:2), dit die individu bemagtig om sy[1] eie leerinhoude, afleweringswyse, studietydperk en tyd van studie te bepaal. Oop leer verwys dus na 'n opvoedkundige oogmerk rakende die voorsiening van onderwys op 'n buigsame wyse, terwyl afstandsleer een van die middele is om hierdie oogmerk te realiseer (Bates, 1995:27).

Afstandsleer is 'n leerbenadering wat aan die *toegewyde, gemotiveerde* student, ongeag sy geografiese ligging en sy lewens- of werksomstandighede, die geleentheid bied om homself met behulp van die nuutste tegnologiese onderrigleertegnieke binne 'n bepaalde beroepsveld te kwalifiseer of sy bevoegdhede te verbeter (De Wet, 1996:2; Bates, 1995:2). Afstandsleer word gedefinieer as enige formele leerbenadering waar die grootste deel van die onderrig geskied terwyl die onderriggewer en die leerder fisies van mekaar verwyderd is (HREF2, 1998:1). Afstandsleer word verder gekenmerk deur

---

1 Alhoewel daar deurgaans in hierdie verhandeling slegs gebruik gemaak word van die manlike voornaamwoord wanneer na afstandsleerders verwys word (byvoorbeeld *hy, hom* ens.), is hierdie verwysing verteenwoordigend van manlike sowel as vroulike afstandsleerders.

onder andere: a) bepaalde onderrigmedia wat gebruik word om die afstand tussen die onderriggewer en die leerder te oorbrug en fasilitering van die leerinhoude moontlik te maak, en b) die aanwending van die nuutste beskikbare tegnologieë wat tweerigting kommunikasie tussen die materiaalontwikkelaar, die leerder en die onderriginstansie moontlik maak (Verduin & Clark, 1991, aangehaal deur Roberts, 1997:2). Die doel van afstandsleer is dus om die leerder wat weens geografiese-, tyds- of finansiële beperkinge nie as voltydse of deeltydse leerder op 'n kampus kan inskryf nie, te bedien met kwaliteit onderrig in die gerief van sy eie huis of werkplek.

Die afstandsleerder word gekonfronteer met ongewone uitdagings om leersukses te verseker. Leertyd moet byvoorbeeld kompeteer met die tyd wat die leerder moet afstaan aan sy werk, sy familie en gemeenskapsverantwoordelikhede. Suksesvolle afstandsleer is nie net afhanklik van die leerder se vermoë om sy tyd effektief te bestuur nie, maar ook van sy vermoë om selfstandig te leer, dus selfgereguleerd te leer (Monteith & Bothma, 2001:2).

Reeds in 1987 het Crawford-Nutt (1987:146) beweer dat die tradisionele naskoolse opleidingsmetodes nie meer voldoende is om in die onderwysbehoeftes van die veranderende wêreld te voorsien nie. Die antwoord op die groot aanvraag na verdere opleiding lê in die verskeidenheid vorme van afstandsleer, wat met groter buigsaamheid, koste-effektiwiteit, toeganklikheid, aanpasbaarheid en effektiwiteit gepaard gaan (HREF1, 1997:1). Geen tyd- of ruimtelike beperkinge word aan afstandsleer gekoppel nie, terwyl die spesifieke leerbehoeftes en belangstellings van 'n menigte leerders bevredig kan word. Die behoefte aan meer buigsame onderrigleertegnieke wat in *Die Witskrif vir Hoër Onderwys* onder andere in die volgende stelling uitgespreek word: "It must...generate new curricula and flexible models of learning and teaching, including modes of delivery, to accommodate a larger and more diverse student population... to meet the needs of an increasing technologically-oriented economy" (RSA, 1997:4), kan goed deur afstandsleer en die gebruik van onderwystegnologie bevredig word.

Die sukses van enige afstandsleerprogram is sterk afhanklik van die kwaliteit van die leermateriaal (De Wet, 1996:7), asook die wyse waarop die betrokke onderriginstelling die ontwerp en aflewering van die leermateriaal hanteer

(Bates, 1995:11). Maar, selfs al is die leermateriaal en ondersteuningsdienste van die afleweringsinstansie van hoogstaande gehalte, bly dit die verantwoordelikheid van die leerder om die leerinhoude te bemeester en die nodige prestasie te lewer ten einde leersukses te verseker. Die afstandsleerder moet op 'n selfstandige wyse, sonder die voortdurende hulp en toesig van 'n onderriggewer, sy leer beplan, monitor en evalueer om seker te maak dat gestelde leerdoelwitte sistematies bemeester word (Ertmer & Newby, 1996:1).

Die meeste tersiêre opleidingsinstansies wêreldwyd is tans besig om op die pad van afstandsleer te beweeg (Spikes, 1995, aangehaal deur Cronjè, 1998). Hierdie nuwe stelsel van leer blyk ook sy eie probleme te hê, soos die relatief lae slaagsyfer van studente wat van dié sisteem gebruik maak (onder andere weens die gebrek aan 'n kultuur van selfgereguleerde leer). Die navorsingshoof van SAIDE, me. Jenny Louw, het in 'n e-pos boodskap (Januarie 1999) laat blyk dat die gemiddelde slaagsyfer vir studente wat by afstandsleerinstansies studeer wissel tussen 40% en 60%, afhangend van a) die tipe kursus waarvoor ingeskryf word, b) die beskikbaarheid van die tegnologie en media wat as onderrigleerhulpmiddels voorgeskryf word, c) die jare ervaring wat die afleweringsinstansie in die praktyk het en, d) die ervaring van die leerder as afstandsleerder. Alhoewel eersgenoemde drie redes van die uiterste belang is om die effektiwiteit van die program te verseker, is dit die wyse waarop die leerder die uitdagings van afstandsleer benader wat van hom hetsy 'n toegewyde, gemotiveerde, suksesvolle leerder of 'n moedelose, gefrustreerde, niesuksesvolle leerder maak.

'n Leerder wat sy eie leer bestuur, beplan, leerhandelinge sistematies uitvoer, monitor en evalueer om sodoende leerdoelwitte te bemeester, kan beskou word as 'n selfgereguleerde leerder (Zimmerman, 2000:14). Die selfgereguleerde leerder kan, deur middel van die keuse van die mees toepaslike kognitiewe leerstrategieë, metakognitiewe-, affektiewe- en bronnebestuurstrategieë, enige leerinhoud orden en betekenis daaraan heg om die bemeestering van leerdoelwitte te verseker (Weinstein & Meyer, 1993:18). Selfgereguleerde leer vereis van die leerder om metakognitief, gemotiveerd en gedragsgerig aktief betrokke by sy eie leer te wees (Zimmerman, 1989a:329).

*Metakognitief* in die sin dat die selfgereguleerde leerder tydens verskillende fases in die leerproses sy leer beplan, doelwitte stel, organiseer, self-moniteer en leerresultate selfevalueer (Zimmerman, 1989b:4). *Gemotiveerd* in die sin dat die selfgereguleerde leerder homself beskou as selfstandig en bevoeg, hoë vlakke van selfdoeltreffendheid rapporteer en intrinsieke waarde aan die leertaak heg. *Gedragsgerig* in die sin dat die selfgereguleerde leerder sy leerpoging self-inisieer en met maksimale insette volhardend aan die leerproses deelneem. Die selfgereguleerde leerder selekteer en struktureer sy leeromgewing op so 'n wyse dat leersukses daardeur verhoog word (Zimmerman, 1990:5).

Zimmerman (1998:2) beskou die proses van selfregulering as 'n "oop" leerproses wat van die leerder tipiese sikliese gedrag vereis wat in drie fases geskied: fase 1): vooruitskouende denke ("forethought"), fase 2): die uitvoering van leerhandelinge wat geskied volgens wilsbesluit of onder beheer van die wil, en fase 3): selfrefleksie (vgl. Fig 3.1).

Die fase van vooruitskouende denke bestaan uit taakanalise en oortuigings rakende selfmotivering. Die leerder stel spesifieke uitkomste in die vorm van leerdoelwitte. Die oorhoofse prestasiedoelwit word gewoonlik verdeel in 'n aantal prosesdoelwitte wat deurlopende, waarneembare vordering moontlik maak. Tydens strategiese beplanning word geskikte leerstrategieë en self-reguleringstrategieë gekies wat gaan verseker dat die leertaak suksesvol bemeester word. Selfreguleringsvaardighede is egter van min waarde vir 'n persoon indien hy homself nie kan motiveer om dit te gebruik nie. Self-motivering, waaronder hoë vlakke van selfdoeltreffendheid, verwagtings rakende die uitkomste van leertake, intrinsieke belangstelling of waarde van 'n leertaak, en die doeloriëntasie van die leerder is uiters belangrike motiverings-komponente wat leeruitkomste beïnvloed (Zimmerman, 2000:16-17).

Die fase van uitvoering of wilsbeheerprosesse verwys veral na selfbeheer en selfwaarneming tydens leer. Selfbeheerprosesse, soos onder andere selfonderrig, beelding, vestiging van aandag op 'n aspek en taakstrategieë, help die leerder om op die taak te fokus en om die leerpoging te optimaliseer (Zimmerman, 2000:18). Selfwaarneming verwys na die leerder se waarneming van spesifieke aspekte van sy eie leervordering en die

omstandighede waarin leer plaasvind. Die leerder kan deur middel van rekordhouding 'n akkurate beeld van sy eie leermetodes vorm en vordering om sodoende te kan bepaal waar leervordering verhinder is en in daaropvolgende leerpogings aanpassings te maak. Selfwaarneming kan lei tot self-eksperimentering waartydens die leerder van verskillende leermetodes gebruik maak om 'n leertaak te voltooi. Sodoende kan die leerder bepaal watter leermetodes die beste vir 'n gegewe leertaak is (Zimmerman, 2000:20-21).

In die lig van die voorafgaande, is die doel van die onderhawige ondersoek om die verband tussen die aanwending van selfgereguleerde leervaardighede en die akademiese prestasie van die afstandsleerder te bepaal.

## 1.2 DOEL EN HIPOTESES VAN DIE ONDERSOEK

### 1.2.1 Doel van die ondersoek

Naas die primêre doel, naamlik om die verband tussen die aanwending van selfgereguleerde leervaardighede en die akademiese prestasie van die afstandsleerder te bepaal, is die volgende ten doel gestel:

- om die aard van leer te omskryf;
- om die aard van selfgereguleerde leer en die eienskappe van 'n selfgereguleerde leerder te beskryf;
- om die leerstrategieë wat deur die selfgereguleerde leerder aangewend kan word om leersukses te verhoog, te definieer en te klassifiseer;
- om die aard van afstandsleer te omskryf.

### 1.2.2 Hipoteses van die ondersoek

Om die doel van die ondersoek te bereik, is die volgende hipoteses ondersoek:

**Hipotese 1:** Daar is 'n verband tussen die toepassing van vooruitskouende denke en die akademiese prestasie van onderskeidelik suksesvolle en niesuksesvolle afstandsleerders.

**Hipotese 2:** Daar is 'n verband tussen die uitvoering van leertake onder wilsbeheer en die akademiese prestasie van onderskeidelike suksesvolle en niesuksesvolle afstandsleerders.

**Hipotese 3:** Daar is 'n verband tussen die aanwending van toepaslike selfgereguleerde leerstrategieë en die akademiese prestasie van onderskeidelik suksesvolle en niesuksesvolle afstandsleerders.

**Hipotese 4:** Daar is 'n verskil tussen die veranderlikes wat 'n bydrae lewer tot die akademiese prestasie van onderskeidelik suksesvolle en niesuksesvolle afstandsleerders.

**Hipotese 5:** Suksesvolle afstandsleerders beskik oor beter ontwikkelde selfgereguleerde leervaardighede as niesuksesvolle afstandsleerders.

## 1.3 METODE VAN ONDERSOEK

Om die doel van die ondersoek te bereik, is ten eerste 'n literatuurstudie en ten tweede 'n empiriese ondersoek onderneem.

### 1.3.1 Literatuurstudie

Met behulp van bestaande elektroniese databasisse is toepaslike literatuur geïdentifiseer en bestudeer. Die volgende trefwoorde was van toepassing:

*open learning, open universities, flexi-learning, computer-assisted learning, distance education, distance learning, teaching and learning, self-regulated learning, self-directed learning, independent learning, learning strategies, cognitive strategies, metacognition, learning technologies, self-efficacy, academic achievement, goal-oriented learning, learner effectiveness, self-monitoring, self-motivation, task orientation, task value, learning goals, successful learning, self-evaluation, constructive learning, control, locus of control, attention-focussing, information processing, learning facilitation, learning resources.*

Die literatuurstudie word ter aanvang in Hoofstuk 2 weergegee deur 'n definiëring en omskrywing van die begrip *leer*, die veranderlikes wat leer beïnvloed, asook enkele beskouings van leer en die perspektief van elk op selfgereguleerde leer.

Hoofstuk 3 handel oor selfgereguleerde leer. Die begrip selfgereguleerde leer en die eienskappe van die selfgereguleerde leerder word omskryf. Die selfreguleringsiklus en die hoofkomponente en ander aspekte van

selfregulering word vanuit die literatuur bespreek. Die implikasies van selfgereguleerde leer vir die afstandsleerder word hier beredeneer.

In Hoofstuk 4 word die begrip *leerstrategieë* omskryf en die faktore wat die keuse van leerstrategieë beïnvloed, word bespreek. 'n Klassifikasie van leerstrategieë word vanuit die literatuur saamgestel en die verband tussen selfgereguleerde leer, die aanwending van leerstrategieë en suksesvolle leer word bespreek.

Hoofstuk 5 handel oor die aard van afstandsleer, die voordele verbonde aan afstandsleer en riglyne tot suksesvolle afstandsleer. Die eise wat afstandsleer aan die onderriginstansie en die leerder stel, word vanuit die literatuur bespreek, asook die probleme van en hindernisse tot suksesvolle afstandsleer. Hoofstuk 5 word met 'n bondige bespreking van die rol van die tegnologie in afstandsleer afgesluit.

### 1.3.2 Empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek word in Hoofstuk 6 weergegee. Die doel en hipoteses van die empiriese ondersoek word uiteengesit, waarna die studiepopulasie van die ondersoek beskryf word. Al die meetinstrumente wat in die ondersoek gebruik is, word omskryf, waarna die prosedure vir die seleksie en samestelling van die eksperimentele veranderlikes wat in die ondersoek gebruik is, beskryf word. Die veranderlikes wat bespreek word, sluit die afhanklike en onafhanklike veranderlikes in. Die eksperimentele ontwerp en statistiese tegnieke van die onderhawige empiriese ondersoek word daarna uiteengesit.

In Hoofstuk 7 word die resultate van die empiriese ondersoek bespreek asook die gevolgtrekkings wat uit die analises voortvloei.

Die ondersoek word afgesluit met Hoofstuk 8 waarin die gevolgtrekkings, samevattings en aanbevelings rakende die ondersoek uiteengesit word.